albei sleeslêes gery, omdat die kabel nog aan. Toe het ons gevoel teen 4:30, toe ons voor 'n groot krewas besluit het om te stop. Dit was toe al taamlik donker, en die wind het so ~~30~~ 20 knope gewaai. Die temp was toe -13°C.

Die oppervlakte is baie hard, en vandaar seker die ysbrûe wat so hard is dat ons niks kon sien nie. Ons moes seker oor honderde al gery het, en is daarom al oor halfpad oor die skeuringsgebied. Dis hier waar 'n mens bid — net hoop vir besturing van Bo.

Voor ons begin het was ek nogal bang. In die sleeslêe sit 'n mens ook maar kriewelrig en ... Die

alpha

Sondag 18 Mei 1969.

Oornag het die wind met redelike baie sterk gewaai, en by tye gladnie. Toe ons begin gestaan het - 9 vm was daar geen wind nie, en die sigbaarheid was baie goed. Dit was toe -25°C.

Ons het 10:30 vm weggekom, en Clive het eers met die 1 muskeg + vrag oor die krewas gery en toe die ander een gaan haal. Ek het begin voor loop, en steek vir krewasse. In Dirk het hy so met 2 muskegs in aflos gery, dog het toe weer agtermekaar gehaak. Vir ± 5 kilometer het ek voor geloop, dog het net 1 ander + 2 klein krake kon sien. Ons was fantasties gelukkig.

Teen 11:30 was ons by Draaipunt, en het toe gery tot by punt 30 waar ons in elke sleeslêe 'n drom petrol gepomp het. Ons het x nm en 5:30 gestop vir radio-kontak, dog kon slegs 5:30 nm met die Basis praat. Ons het nog geen kontak met Henry gehad nie, so weet nie waar hy is nie.

So ook weet ons ook nie waar ons is nie. Ons het 7 nm gestop, en behoort naby aan punt 17 te wees by die ysbult.

Deur die dag, van vanmôre tot 9 nm het die temp. van -25°C na -22°C gestyg. Dit was 'n mooi stil dag, en a.g.v. lae wolke kon ons die son self nie sien nie, dog dit het 'n pragtige rooi skynsel afgegee.

Indien die weer dit toelaat, behoort ons môre vir Henry-hulle te kry, en sal dalk môre-aand by die Basis wees.

Die oppervlakte is uitstekend hard, en ons kon heeltyd in 3e ry.

Gisteraand het ons 'n baie grillerige ondervinding gehad. Terwyl ons geëet het, kon ons elke nou en dan of 'n klipharde klap, of 'n harde skuurgeluid hoor. Dit is a.g.v. die bewegings van die krewasse teenmekaar. Elke slag klink dit asof die geluid reg onder 'n mens is.

Maandag 19 Mei 1969.

Ons hoe om terug te kom by die Basis, het ons al baie vroeg laat begin werk. Ons het 6:30 begin koffie maak, en 8:15 het ons gereed gestaan om te vertrek, dog moes wag dat dit lig genoeg word om te kan sien waar ons is. Ons het later vertrek na wat vir ons die ysbulten punt 17 lyk. Dit het gou reg geblyk, en ons het m.a.w. ± 3 kilometer, oos van die roete, van punt 17 gekamp. Vandaar het ons streng op die roete gery en ± 15 kilometers verder vir Henry en Johan 10:15 nog vas uit die bed gekry. Na 'n koppie koffie, het ons al hul goed op die slee gepak, en begin ry.

Toe dit donker geword het, kon ons die wolke rooklig sien wat Basis vir ons buite op-

geniet het, en kon daarop oppi.

Ons ontvangs by die basis was absoluut koninklik. Almal het ons ontrent om die nek geval, en die spontane entoesiasme wat het ons soos helde laat voel. Dit was baie snaaks om almal met die lang baarde en hare te sien

Ons het toe uitgevind dat 5 volwasse Husskies oorlede is tydens 'n storm, en 1 na hul toe ingebring is in die basis. Die bad en wasbakkies verskuif vanaf die dieselkamer na 'n lei kamer net langs die Hospitaal wat vroeër deur die geoloë gebruik is.

Die ete met varsvleis was heerlik, en die basis het gevoel soos 'n vyfster hotel. Ons het selfs 'n film gesien - Doctor in Distress, en toe die terugkomsgevier.

Dinsdag 20 Mei 1969.

Vandag het ek nie veel gedoen nie - ek het net ontspan. Ek het 'n heerlike bad geneem, en was uiters geskok om te sien hoe my onderklere vergelyk met die skones. Verder het ek die slees verder afgepak, ons slaapgoed, kosgereedskap ens ingebring, verpak en begin om dit te ontdooi. Ek het vir Lena en Ma geskrywe en het al die briewe gekry wat tydens ons afwesigheid hier aangekom het.

Woensdag 21 Mei 1969.

Vandag was ek weer meer aktief, en het begin inval met die werkprogram. Ons het eers die opgehoopte klomp afval vanuit die danssaal getrek en weggery. Die res van ons gebruikte goed het ek ook weggepak, en die laaste van die mediese kaste uitgepak. Ek het toe ook die honde gaan ondersoek, en hul begin behandel. Cannie lyk baie erger as 'n kafferbrak, en twee ander honde lyk ook sleg.

Vir al die honde het ek begin kondisie pille gee, sowel as vir sommige aptytwekkers of stimulante.

Hul is werklik nie gemaklik in die hondetonnel nie. Vir 'n klompie het ek kaste of strooi gevreem. Dit is nat, en hul hare raak ook nat. Die nat te nat is begin ek om in die dierekamer te hou vir seker 'n dag of so tot hul droog is. Die klein hondjies is nou pragtig. Een bruine het die naam van Charlie Brown ge-erf, omdat hy aanhoudend op 'n dierebloss spring, en daar seker 1/2 van die dag spandeer.

Verder het ek begin om die hospitaal te organiseer, en het die gegang ook begin reggekry.

Teorches het ons vandag die laaste van die son gesien.

PS003
JJ FASEYD
211200 FAHQYGEG

LIEFSTE ALPHIE

NET N NOTA OM TE SE VREESLIK BAIE DANKIE VIR DIE BLOMME X
EK WENS JY KAN WEET HOE BAIE EK DIT WAARDEER X
DIT BETEKEN VREESLIK BAIE X EK IS SO BLY JY HET ONTHOU VAN ELSA X
SJB SAL SELF LATER SKRYF OM DNAKIE TE SE X HULLE WAARDEER DIT BAIE
ONS GAAN ALMAL SONDAG NA TANNIE HANNIE NET JY KOM KORT X
EK MIS JOU VREESLIK BAIE X

AL MY LIEFDE EN DUISENDE VERLANGE

Lina

Op die oomblik het ons die snoekertafel (1/2 grootte) in die eetsaal, en speel omtrent almal snoeker. Vergryptjies kry geen aandag nie, soos vroeër voor ons weg was.

Ons het seker nou so 6 uur redelike goeie lig buite om in te werk. Henry het ons etenstye nou daarby aangepas sodat ons al die ligtyd vir werk buite kan gebruik. Almal moet 9:15 vm vir ontbyt hier wees, met middagete 3:15 nm en aandete 8 nm. Die stelsel werk baie goed.

PS003
JJ FASEYD
211200 FAHQYGEG

LIEFSTE ALPHIE

NET N NOTA OM TE SE VREESLIK BAIE DANKIE VIR DIE BLOMME X
EK WENS JY KAN WEET HOE BAIE EK DIT WAARDEER X
DIT BETEKEN VREESLIK BAIE X EK IS SO BLY JY HET ONTHOU VAN ELSA X
SJB SAL SELF LATER SKRYF OM DNAKIE TE SE X HULLE WAARDEER DIT BAIE
ONS GAAN ALMAL SONDAG NA TANNIE HANNIE NET JY KOM KORT X
EK MIS JOU VREESLIK BAIE X

AL MY LIEFDE EN DUISENDE VERLANGE

Lina.

H.g.v. amptelike en 'n paar private oproepe, kon ons nie juis vandag buite werk nie. Ek het 'n oproep gekry, en het met Lina gepraat. Dit was met een woord heerlik. Dit klink net asof sy vreeslik baie verlang, en ek hou nou maar duimvas vir die res van die jaar.

Die res van my tyd het ek verder aan die hospitaal spandeer, en die honde.

Op die oomblik het ons die snooker-tafel (½ grootte) in die eetsaal, en speel omtrent almal snooker. Veerpyltjies kry geen aandag nie, soos wrocët voor ons weg was.

Ons het seker nou so 6 uur redelike goeie lig buite om in te werk. Henry het ons etenstye nou daarby aangepas sodat ons al die ligtyd vir werk buite kan gebruik. Almal moet 9:15 vm vir ontbyt hier wees, met middagete 3:15 nm en aandete 8 nm. Die stelsel werk baie goed.

Vrydag 23 Mei 1969.

Die meeste van ons het vandag gehelp om dieseldromme uit te trek, en na die skag gebring om in te pomp. Die dromme is onder 2 vt sneeu begrawe, en ons trek dit met die sneeukat uit m.b.v. 'n haak en kabel wat Clive en Gordon gemaak het.

Die lug het vandag, in die weste, 'n seegroen kleur gehad, wat werklik baie mooi is.

Volgens die ouens by die basis was die aurora wat hul gesien het – die aand toe dit op 1 stadium 100% van die hemelruim bedek het – so helder dat dit skaduwees op die sneeu veroorsaak het, en die hele sneeuoppervlakte liggroen getint het.

Baie van die honde eet nou al die kondisie tablette (Vita-Nuro) uit my hand uit, dog die ander vir kos uit ek met my hele hand heel agter in hul keel. Hul vorder, en vir Bamsi het ek 'n bottel Ringers ingevoer.

Saterdag 24 Mei 1969.

Ons was heeltemal onaktief wat werk buite betref vandag.

Ek het die "snacks" reggekry vir fliek vanaand, verder aan die hospitaal gewerk en 1 v/d 4 vertrekke ± georganiseer gekry.

Ons het "Mans favourite sport" gesien, wat by almal baie gewild was. Johan se suster het vandag getrou, en hy het toe 'n troukoek vir haar gebak, dit gesny en vir ons almal tydens die fliek gegee. Na fliek het 'n paar van ons so 'n paar potte snooker gespeel.

Sondag 25 Mei 1969.

Vandag het ek my heeltemal uitgeslaap, en nie eers vir middagete opgestaan nie. Ek is môre skrywe, en wil nog deur die nagwater maak, omdat ek soveel klere het om te was.

Vandag het Henry besluit gaan in alle opsigte 'n dag van rus wees, so hulle gaan nie veel aan nie. Ek het 'n paar verslae geskrywe — maand, oor skuilings en oor ons eet.

Dit weer begin slegter raak — die wind begin sterker waai, alhoewel die temp. weer gestyg het.

Ek sal my nou maar met skrywe-pligte en watermaak deur die nag besig hou, en ook 'n voorraadopname maak van die kos wat ons reeds gebruik het.

LIEFSTE ALPHIE,

BAIE DANKIE VIR OPROEP VAN GISTER EN OOK JOU BRIEF. DIT WAS FANTASTIES OM WEER MET JOU TE GESELS. EK IS BAIE BLY DAT JULLE VEILIG TERUG IS. BLY DIE ANDER VIER IN DIE BERGE. EK IS VOORLOPIG KLAAR MET OORTYD. EK SAL SEKER WEER LATER SO N WEEK MOET WERK. DIT VOEL SNAAKS OM 5 UUR HUISTOE TE GAAN. ONS TREK WOENSDAG DIE 28STE. ONS NUWE ADRES IS BELLEHOF 8, VREDESTRAAT, BELLVILLE. ONS PROBEER OU TELEFOONNOMMER HOU. JY HET BAIE VERANDER VANDAT JY WET IS. EK IS BLY, EK HOOP NET DIT BLY SO.

AL MY LIEFDE EN VERLANGE,

RINA.

'n tekort aan water. Ongelukkig het ek, behalwe my skrywe-pligte nie veel kon doen nie.

Dinsdag 27 Mei 1969.

Vandag het ons heelwat buite gewerk. Ons het begin deur die honde na buite te trek. Almal, behalwe die kleintjies en Ramsie en Klassen is na buite geneem. Sg. se toestand is redelik, dog sy is nog maar maer en lyk swak.

Ons het toe aan die stellasies gaan werk — hier en daar een reggemaak, en een uitgegrawe. Baie kaste het ons ook ingebring in die Basis

LIEFSTE ALPHIE,

BAIE DANKIE VIR OPROEP VAN GISTER EN OOK JOU BRIEF. DIT WAS FANTASTIES OM WEER MET JOU TE GESELS. EK IS BAIE BLY DAT JULLE VEILIG TERUG IS. BLY DIE ANDER VIER IN DIE BERGE. EK IS VOORLOPIG KLAAR MET OORTYD. EK SAL SEKER WEER LATER SO N WEEK MOET WERK. DIT VOEL SNAAKS OM 5 UUR HUISTOE TE GAAN. ONS TREK WOENSDAG DIE 28STE. ONS NUWE ADRES IS BELLEHOF 8, VREDESTRAAT, BELLVILLE. ONS PROBEER OU TELEFOONNOMMER HOU. JY HET BAIE VERANDER VANDAT JY WET IS. EK IS BLY, EK HOOP NET DIT BLY SO.

AL MY LIEFDE EN VERLANGE,

RINA.

Maandag 26 Mei 1969.

Ek was toe heelnag op om die sneeusmelter te probeer vol kry, en heeldag skiwie. Ek het 'n ontsettende klomp wasgoed gehad wat ek moes was. Omdat Clive aan die sneeusmelter gewerk het, het dit maar gesukkel, en het ek my bad gemis a.g.v. 'n tekort aan water. Origens het ek, behalwe my skiwie pligte nie veel kon doen nie.

Dinsdag 27 Mei 1969.

Vandag het ons heelwat buite gewerk. Ons het begin deur die honde na buite te trek. Almal, behalwe die kleintjies en Ramsie en Kassasen is na buite geneem. Lg. se toestand is redelik, dog eg. is nog maar maer en lyk swak.

Ons het toe aan die stellasie gaan werk - hier en daar een reggepak, en een uitgegrawe. Baie kaste het ons ook ingebring in die Basis

PS 005 GROBLER 29/5/69
LIEFSTE ALPHIE

BAIE DANKIE VIR BRIEF VAN VANDAG X HIER GAAN DIT OP DIE OOMBLIK BAIE WOES X BY DIE HUIS IS DIT DIE TREKKERY EN BY KANTOOR FINANSIELE STATE X SO EK IS REGTIG DOWN. HEIN GAAN VANDAG TERUG X HY KOM WEER JULIE AFLOS VIR DRIE WEKE X ONS WAS WEER SONDAG BY TANNIE HANNIE X HULLE DINK BAIE AAN JOU EN STUUR ALTYD GROETE X EK WAS ALTYD BANG VIR KREWASSE X GELUKKIG IS DIT NOU VERBY X HET JY FOTOS DAARVAN X OUENS VAN GOUGH EILAND HET SATERDAG TERUG GEKOM X DIE LANG HARE EN BAARDE LYK VREESLIK SNAAKS X ROBERT IS WEER GETROUD X AL MY LIEFDE EN VERLANGE

RINA

en.

Van skagtele het Clive vir elke hond buite 'n afskorting teen die wind gemaak. Gordon en ek het vir elk 'n holte uitgegrawe waarin hul kan lê, en dit opgevul met strooi. Die hele besigheid plesier hul baie, en almal maak van die tuplekke gebruik. Die honde lyk heel goed en gelukkig, dog ons sal hul baie goed dophou.

Ek het Henry ondersoek - hy het 'n getrombotiseerde aambei, en aangesien dit môre sy verjaarsdag is, sal ek hom Donderdag opereer.

Woensdag 28 Mei 1969.

Ons het weer die danssaal vandag leeggemaak, en 'n klomp ou dieseldromme saamgebring om nuwe skiewiedromme te maak - ek het twee oopgekap.

'n Paar van die lede - Gordon, Schalk, Peter en Piet wil later in die week na Penguin depot toe gaan, om te kyk hoe Otterbukta lyk, en om te begin om dieseldromme aan te ry. Hul sal seker Vrydag vertrek.

Henry het vandag verjaar, en het ons 'n heel bedeesde party gehad, en o.a. "Matari" gesien. Barry was kok en het heel goed uitgehang met die hoender wat hy vir ons voorberei het.

Donderdag 29 Mei 1969.

My hele dag was in beslag geneem om die voorbereidings te tref vir die klein operasie op Henry vanaand. Ek moes alles eers uitsoek, steriliseer, en 'n tafel maak. Vanaf die balke het ek twee toue laat hang met ortopediese felt vir voetruste om hom in 'n litotomie posisie te kry. Die hele prosedure het baie goed afgeloop, en het ek hom in die bed gestop.

Die vier lede het vandag hul finale voorbereidings getref om môre-oggend vroeg na Otterbukta en Penguin substasie te vertrek. Piet moes kok gewees het, dog nou sal ek sy plek oorneem totdat hulle terugkom. Alles is reg, en hul is almal heel voorbereid en opgewonde om 'n slag uit die basis te kan kom.

Vrydag 30 Mei 1969

Vandag was ek toe kok. Ek het vanmôre 7vm opgestaan, en 8:15 het die vertrekkende lede ontbyt gehad. Dit was heel stil in die basis, en die tafel was maar baie leeg. Met die 4 weg, Henry in die bed, 'n met ou nat slaap, skriwie en kok nie aan tafel nie, was daar maar net 4 lede aan die tafel.

Die enigste ontwikkeling is dat die vier lede vanaand nie presies geweet het waar hul is nie. Die buktas het baie verander, en hul ~~kan die~~ depot nie kry nie. Môre sal hul verder soek, en dan probeer om met 'n wag terug te kom.

GROBLER 28 MEI 69
LIEFSTE ALPHEUS
EK IS BLY JY IS TERUG BY DIE BASIS X RINA H
MY TWEEKEER GEBEL SY IS NET WONDERLIK X NOUDAT HEIN DAAR I
SY OOK BAIE VIR HOM X ONS WIL DALK DIE NAWEEK NA DIE NUWE
GAAN KYK MAAR HET NOG NIE BESLUIT NIE X EK HET NIE BOODSKA
GESTUUR NIE WANT ONS KON NOG NOOIT IETS OPVANG NIE X PIET
HIER IS BAIE ANGSTIG OM MET JULLE TE PRAAT X KAN JULLE NIE
DAT JULLE N SEKERE TYD VIR HOM KONTAK NIE HY IS OP ZS6ZK V
MAAR KAN NIE HOEER AS 14,000 GAAN NIE X JOU PA WERK BAIE L
EN IS GELUKKIG KOM ELKE NAWEEK HUISTOE X LIEFDE
OUERS

... lede ... lede ... is nie. ... kyk ... is na

die Trolltunga se kant toe. Ons het 10vm en 1nm vir hul "flares" afgeskiet sodat hul 'n rigting op kanaal kan neem. Met die drik wat val, en die lae temp. -37°C het Henry hul aangeraai om liewer terug te kom.

So 5nm het hul toe heel skuldig hier aangekom. Daar was natuurlik 'n baie groot

GROBLER 28 MEI 69

LIEFSTE ALPHEUS

EK IS BLY JY IS TERUG BY DIE BASIS X RINA HI
MY TWEEKEER GEBEL SY IS NET WONDERLIK X NOUDAT HEIN DAAR I
SY OOK BAIE VIR HOM X ONS WIL DALK DIE NAWEEK NA DIE NUWE
GAAN KYK MAAR HET NOG NIE BESLUIT NIE X EK HET NIE BOODSKA
GESTUUR NIE WANT ONS KON NOG NOOIT IETS OPVANG NIE X PIET
HIER IS BAIE ANGSTIG OM MET JULLE TE PRAAT X KAN JULLE NIE
DAT JULLE N SEKERE TYD VIR HOM KONTAK NIE HY IS OP ZS6ZK V
MAAR KAN NIE HOEER AS 14,000 GAAN NIE X JOU PA WERK BAIE L
EN IS GELUKKIG KOM ELKE NAWEEK HUISTOE X LIEFDE

OUERS

Saterdag 31 Mei 1969.

Vandag nasek weer Kok. Met die gereelde radiokontak het ons in noue voeling met die 4 kole gebly. Wat het nog altyd nie geweet waar hul is nie. Volgens hul beskrywings, en soos ons op die kaart gekyk het, het dit gelyk of hul te oos van Otterbukta is na die Trolltunga se kant toe. Ons het 10 vm en 1 nm vir hul "flares" afgeskiet sodat hul 'n rigting op kanaal kon neem. Met die druk wat val, en die lae temp – -37°C het Henry hul aangeraai om liewer terug te kom.

So 5 nm het hul toe heel skuldig hier aangekom. Daar was natuurlik 'n baie groot

spotting met hul omdat hul nie die plek kan kry nie. Ook is hulle skrywers oor waar hul werklik was. Die idee is dat hul tussen en by skuiling en Otterbuktes waar foto's het 'n swart-wit film probeer ontwikkel het om te help met die identifisering. Daar het 'n fout ingesluip met die ontwikkeling. Hul het heelwat kamera gewin, en die ergste is dat al vier van hul in een tent geslaap het - of hul ... volgens hulle gemaklik en naamgewing.

Vanmiddag het ons na Radio Nederland geluister, en daar was van Rina vir my 'n boodskap. Dit is nogal lekker om boodskappe te kry.

Ons het "The Informer" vanaand gesien en ook weer na "The Big Store" gekyk.

Ons het darem almal gewens dat dit Kers-Middag is vandag.

Sondag 1 Junie 1969.

Die begin van 'n nuwe maand, en ook 'n tipiese Sondag. Ek het laat geslaap, en niks besonders gedoen nie. 'n Brief vir Rina en Ma geskryf, en die vorige netjies oorgeskryf.

Vanaand het ons begin om Brag te speel. Schalk, Pete, Phil en ek. Die snookertafel is nou ook opgerig en gereed.

Vanaf Dinsdag sal Pete, Barry, Phil en ek begin om elke aand oefeninge te doen uit "Physical Fitness" uit.

Henry en Clive sal so gou moontlik na Otterbukta vertrek om die plek te kry, en tussen af van die dromme wat daar staan met 'n stukkie afge-breek het nie. Clive sukkel nog om die 6 silinders van die loop te kry.

Maandag 2 Junie 1969.

Ek het vanoggend weer baie laat geslaap, en omtrent eers vir middagete opgestaan. Henry het nie baie slaap gekon nie, aangesien ons 'n amptelike ontbyt het. Niemand het ook buitegewerk nie - die wind was stil, temp. -37° en dit was bewolk. Ek was darem 'n ruk uit om na die honde buite om te sien.

Verder het ek begin om die toetse af te neem vir die personeelnavorsing. Dit is die eerste toets wat al begin Maart gedoen moes wees. Ek het die kos vir die volgende kookbeurt uitgesit, en origens het ons maar geëet en gerook.

By Wilf-hulle was dit gister -40°C en vandag -35°C met geen wind nie. Hulle het al die "caboo" by 1810 gaan haal, en dit het Wilf en Anton net 16 uur geneem.

Niks buitengewoon het vandag gebeur nie, en alles het maar baie stil verloop. Geen briewe ook nie.

As ek iets moet sê, dan is dit dat ek baie na Rina verlang, en baie jammer is dat ek nie meer as net die enkele foto van haar het nie.

Dinsdag 3 Junie 1969.

Vandag was ek besonder besig, want ek was skiewie, en het ook nog heelwat ander werk gedoen. Ek het o.a. die hospitaal, my kamer en die badkamer se matte ook gewas. Ek het my eie (SA-Spencer-Hey) trui en die uitgereikte Noorweegse trui saam in die wasmasjien by lou temp. gewas. E.g. het onherkenbaar gekrimp, dog lg. is absoluut perfek.

Clive, Gordon en ek het die danssaal leeggemaak en toe 2 silinders, ties en vakwisselis ingebring. Ek het verder begin om die westelike deel van die meelgang te herstel - boskaste te herpak om plek vir die drank en tabakkaste te maak wat nog buite staan. Ek het ook

begin om die bottels te merk vir die neem van die monsters môre. Origens het ek die honde help kos gee, en hul daaglikse pille.

Dit was redelik onaangenaam buite vandag. Die wind het ±20 knope gewaai, wêstig, met ±15 vt jagsneeu en die temp. was ± -25°C.

Ek het nie my gereelde briewe vandag gekry nie, en sal dit seker môre ontvang.

Koos het vandag begin kook, en was besonder stil, en het met niks snaaks vorendag gekom soos wat 'n mens van hom sou verwag nie.

LIEWE ALPHEUS

WAAROM SO STIL? GAAN DIT GOED, HET JY DIE TYDJIE BUITE DIE BASIS NA DIE NUWE BASIS GENIET? NEEM JY NOG FILMS? MA EN PA WAS DIE NAWEEK HIER. MET HULLE GAAN DIT NOG BAIE GOED. OOK MET ONS EN DIE DOGTER GAAN DIT SOMMER BAIE GOED. JULLE VIER DIE 21STE MOS FEES. MAG JULLE ALMAL DIT BAIE GENIET EN BAIE PLESIERIG WEES. LIEFDE EN VERLANGE
HENRY EN HENRIETTE.

Op papier in elk geval.

Ek het aangegaan in die sneeugang om die koskaste te herpak, sodat ek kan plek maak vir die „L" karte. Ek het ook vir Clive en Gordon gehelp om die ontdooide robbevleis vir die honde te neem, en ook die pille te gee. Terwyl Phil vir my 'n kee koshas vol sneeu na die dansaal gesleep het, het hy sy kop stukkend gestamp – reg voor – teen 'n skuiwe slee wat in die gang gestaan het.

Dit was toe my werk vir die middag na ete. Ek moes 'n paar goed steriliseer, en het 4 mat sy steke daarin gewit.

Vanaand het Bob vir ons die skyfies gewys wat hy ontwikkel het, o.a. van die mooi aurora. Oor die algemeen was die skyfies baie goed.

Na dit het ek en Chalk 'n paar mat. en wit fotos gedruk van die wat ek in die berge geneem het op sy en Driesie films. Hy het my eers goed touwys gemaak, en het ek later op my eie aangegaan. Dit was my

van hom kon verwag nie.

LIEWE ALPHEUS

WAAROM SO STIL? GAAN DIT GOED, HET
JY DIE TYDJIE BUITE DIE BASIS NA DIE NUWE BASIS GENIET? NEEM JY NOG
FILMS? MA EN PA WAS DIE NAWEEK HIER. MET HULLE GAAN DIT NOG BAIE
GOED. OOK MET ONS EN DIE DOGTER GAAN DIT SOMMER BAIE GOED. JULLE
VIER DIE 21STE MOS FEES. MAG JULLE ALMAL DIT BAIE GENIET EN BAIE
PLESIERIG WEES. LIEFDE EN VERLANGE

HENRY EN HENRIETTE.

Woensdag 4 Junie 1969.

Vandag was ek nogal betreklik besig, alhoewel ek in totaal nie vreeslik baie gedoen het nie. Op papier in elk geval.

Ek het aangegaan in die sneeugang om die koskaste te herpak, sodat ek kan plek maak vir die "L" kaste. Ek het ook vir Clive en Gordon gehelp om die ontdooide robbevleis vir die honde te neem, en ook die pille te gee. Terwyl Phil vir my 'n bee koshas vol sneeu na die danssaal gesleep het, het hy sy kop stukkend gestamp — regop voor 'n skurwe slee wat in die gang gestaan het.

Dit was toe my werk vir die middag na ete. Ek moes 'n paar goed steriliseer, en het 4 wat sy steke daarin gesit.

Vanaand het Rob vir ons die skyfies gewys wat hy ontwikkel het, o.a. van die mooi aurora. Oor die algemeen was die skyfies baie goed.

Na dit het ek en Schalk 'n paar swart en wit fotos gedruk van die wat ek in die berge geneem het op sy en Driesie films. Hy het my eers goed touwys gemaak, en het ek later op my eie aangegaan. Dit was my eerste probeerslag op my eie vodte, en het dit nogal

het goed gegaan. Ongelukkig was die lig met die terugkomslag hopeloos te swak vir goeie kontras fotos. So-die helfte is nie te goed nie.

<u>Donderdag 5 Junie 1969</u>

Henry en ek het die hele dag saamgewerk. Ek het hom eers 'n rakkie in die kombuis gehelp met rakke, en het toe in die hospitaal begin om die ou venster uit te haal, en dit toe te spyker met "masonite".

Hy het my toe kom help, en het ons dramatiese veranderinge aan die hospitaal gedoen. Ons het die wasbak uitgehaal, die rak onder dit, en al die opgehoopte ys uitgekap tussen die onderste rak en die vloer. Ons het toe 'n stutpilaar verskuif, en het 'n tafel-eenheid in ou kamer geneem - en twee ander rakke ingesit teen die oostelike en suidelike mure. Ons het alles waterpas ingesit, en kon toe sien hoe skeef die panele werklik is. Op 3 vt verskil die laste maklik met 2 dm. 'n Mens neem outomaties aan dat die panele loodreg staan, en die waterpas rakke lyk dan met die oog heeltemal skeef teen die pilare. Ons het 'n totaal van 9 uur in die hospitaal spandeer, en is nog nie klaar nie. Die plek het al klaar baie meer ruimte, en lyk baie beter.

Ek het vandag alleen uitgegaan, en het die ondervinding van my lewe gehad. Gister het die wind al sterk begin waai, met 'n goeie 10 vt jagsneeu. Vandag was die wind 40+ knope toe ek 2 middag uitgegaan het. Daar was egter <u>geen</u> jagsneeu nie. Dit is te snaaks om skuins teen die wind te loop, met 'n volklare lug, en dat 'n mens die horison kan sien. 'n Mens kan gladnie sien waar die son is nie, dog die lug het 'n

grysblou kleur. Te moeilik om te beskryf, dog dit lyk baie goed.

Ons het o.a. van Diepkloof gehoor dat daar briewe by transport vir ons is, dog dat [illegible] sê dat hy te besig is om die briewe vir ons aan te stuur. [illegible] die hele tyd is daar baie onsekerheid omdat [illegible] nie meer met ons briewe werk nie.

Hennig het my vandag gevra of ek saam met hom en nog 2 ander lede [illegible] wil begin [illegible]. Hy wil van die [illegible] gebruik maak om dan 'n baie [illegible] in te neem. Ek sien daarvoor [illegible] dog is [illegible] dat dit (waarskynlik) nie 'n baie goeie tyd is om fotografiese oopgaan nie.

LIEWE ALPHIE,

BAIE, BAIE DANKIE VIR DIE PRAGTIGE KRANS. DIT WAS WERKLIK N GROOT VERRASSING. ONS HET ALMAL BAIE AAN JOU GEDINK EN GERLANG DAARDIE DAG.,

ALMAL WEL. EK HOOR DIE KOUE DOEN JOU HART SO GOED. EK IS BLY VIR JOU PART AS JY SEKER IS V DBYOUSELF. MOENIE TE VEEL VERLANG NIE.

GROETE VAN ALMAL.

LIEFDE,

ESJEBE.

BAIE LIEFDE EN VERBANGE,

OUERS.

Ek het vandag 'n brief van D.J.B. gekry, waarin sy o.a. sê „Moenie te veel verlang nie". Dit kan ek nou in twee rigtings beskou. Of sy noem dit maar sommer net, wat ek werklik glo, of dit kan 'n dieper betekenis hê. Nou sit 'n klein duiwel op my nek, en ek sit by die gedagte, dat Rina miskien besig is met 'n ander verhouding. Dit is absoluut te onwerklik om waar te wees. Ek het ook 'n brief van [illegible] ontvang, waarin sy sê dat Rina haar gebel het. Só!

Vanaand het ek alleen 'n klomp van Clive se negatiewe ontwikkel, maar my beligtingstyd was hopeloos te kort, en sal ek moet verbeter.

LIEWE ALPHIE,

BAIE, BAIE DANKIE VIR DIE PRAGTIGE KRANS. DIT WAS WERKLIK N GROOT VERRASSING. ONS HST ALMAL BAIE AAN JOU GEDINK EN GERLANG DAARDIE DAG.,

ALMAL WEL. EK HOOR DIE KOUE DOEN JOU HART SO GOED. EK IS BLY VIR JOU PART AS JY SEKER IS V DBYOUSELF. MOENIE TE VEEL VERLANG NIE.

GROETE VAN ALMAL.

LIEFDE,

ESJEBE.

BAIE LIEFDE EN VERBANGE,

OUERS.

LIEFSTE ALPHEUS,

BAIE DANKIE VIR AL JOU BRIEWE, EK IS BLY JY IS TERUG, EN GUNIET WEER DIE WEELDE. GAAN JULLE DIE FEES OP 21 JUNIE UITSAAI? RINA HET MY WEERN3~~9~~3). HEIN IS TERUG, EN GAAN W

GEBEL

ER JULIE. ONS HET NA DIE BABA GAAN KYK, SY LYK NET SOOS NICO. VERDER GAAN ALLES GOED, DIE WINTER IS KOUD EN ONS HET AL BAIE REEN GEHAD WAT DIE BOERE NATUURLIK WEER SKADE VEROORSAAK. DIE FKYFIES SAL HOPELIK DIE WEEK NA DAANTJIE TOE GAAN. ONS VERLANG AL BAIE MAAR DI

HELFTE VAN DIE JAAR IS DARM AL BYNA VERBY.

ALLES WAT GOED IS VERDER.

BAIE LIEFDE EN VERBANGE,

OUERS.

grysblou kleur. Te moeilik om te beskryf, dog dit lyk baie goed.

Dries het o.a. van Deelpoort gehoor dat daar briewe by "transport" vir ons is, dog dat die se pos. Mr. Botha sê dat hy te besig is om die briewe vir ons aan te stuur. Onder die kole hier is daar baie ontevredenheid omdat Mev. Wehmeyer nie meer met ons briewe werk nie.

Henry het me ... [illegible]

H.P.

...ydag 6 Junie 1969.

Na Pete my vanmôre 9 uur wakker gemaak het, het ek eers 10:30 opgestaan. Henry en ek het van na ontbyt verder gewerk aan die hospitaal, en namiddag die rakke voltooi. Toe moes ek al die opruimwerk doen, en kon glad nie klaarkry voor aandete nie. Na aandete het ek die kos vir Clive uitgesit, wat nou vir die 1e keer gaan kok wees. Almal sien baie hierna uit, om hom as kok te sien.

Ek het vandag 'n brief van D.J.B. gekry, waarin sy o.a. sê „Moenie te veel verlang nie". Dit kan ek nou in twee rigtings beskou. Of sy noem dit maar sommer net, wat ek werklik glo, of dit kan 'n dieper betekenis hê. Nou sit 'n klein duiwel op my nek, en ek sit by die gedagte, dat Rina miskien besig is met 'n ander verhouding. Dit is absoluut te onwerklik om waar te wees. Ek het ook 'n brief van Ma ontvang, waarin sy sê dat Rina haar gebel het. Só!

Vanaand het ek alleen 'n klomp van Clive se negatiewe ontwikkel, maar my beligtingstyd was hopeloos te kort, en sal ek moet verbeter.

Die storm het vandag aangehou, en het Clive, Gordon en ek die honde gaan voer. Vandag het dit baie anders as gister gelyk – die wind het tot 'n maksimum van 68 knope gewaai en was daar ontsettend baie gajsneeu. Ons het met die Muskeg gegaan, en het eers by die honde verby gery. Clive is toe met 'n tou, waarvan ek die een punt vasgehou het, in hul rigting en die koers stoe gekry. Op dieselfde manier het ons toe al die honde gevoer, en vir hul kos gegee, en die ergste ys van hul los gevryf. Almal was baie bly om ons te sien, en hul was in 'n goeie toestand. Ek bewonder hul om onder sulke omstandighede nog te bestaan. Hul druk hul neuse heeltemal onder die hare in, en word heeltemal bedek met sneeu, en so isoleer hul hulself. Hul gesig moet fantasties wees. Ons kon maksimum een hond vêr sien, dog Ringo bv., wat ±40 tree van ons af was (10 tree tussen elke hond) het dadelik begin blaf toe ons stop. Hy moes die Muskeg natuurlik ook gehoor het. Van Vrystaat, wat in die basis is, kan 'n mens nou mooi sien dat hul wintepels goed aankom, en sy hare het 'n baie mooi glans.

Teen vanaand 1:30 vm, na ek ontwikkel het, het die wind afgekom na ±20 knope, so dit lyk asof die storm oor is.

Saterdag 7 Junie 1969.

Vanaand voel ek net om vir Rina te skryf. Sekerlik omdat ek verlang – afgesien van na haar – na ware / vriende – en om myself 'n slag tussen hulle te geniet. Uit die mond van die suiglinge en die dronk man / hoor jy die waarheid. Ek is nie dronk vanaand nie, dog ek is ook nie heeltemal nugter nie. Na ek die ligal afgesit het, het ek ~~begin~~ ~~om te~~ besluit om tog in my dagboek te skryf hoe ek voel. Ek mis Rina omdat ek haar eers werklik leer ken het die afgelope vakansie. Iemand wat haarself saam met jou kan geniet – en dit geniet. Dit is wat ek mis – iemand om iets mee te geniet, en dit werklik te geniet. Ek ken

almal, en weet naastenby hoe goed wat hul per-
soonlikheid is, dog ons is net nie op dieselfde frekwensie
ingestel nie. Eers-vanaand - Flikgaard - was in maal met
die projektor werk - en omdat hy dit al gedoen het, en
almal weet dat hy altyd teken, en sê hy het al sy beurt
gehad, het ons aangehou dat hy moet films wys. Hierdie
hy is iemand wat alles altyd ernstig opneem. Ons - ek - het
te vêr gegaan, en hy het hom toe heeltemal onttrek
en die atmosfeer het tot treurig gewees. Almal het
soort van skuldig - ongemaklik gevoel.

Met - môre voel ek weer beter, dog ek wens tog dit
was 'n hof-jagd met Rina.

Behalwe dat ek die hoop waarin Anny en ek ge-
werk het bietjie opgeruim het, en die "snacks" uitgeeint
het, het ek nie veel gedoen nie. Snoeker gespeel, ges[illegible].
Die storm was voormiddag erg, dog teen 8 nm. begin
bedaar. Ek was nie self uit nie, dog Gordon, Olivier en
Peter was almal by die hende, en behalwe Zirsboo
wat nie eers sy kop optel nie - is al elke hande baie
goed. Die hulle onthalwe hoop en bietjie dat die
storm môre bedaar het. Waar die ooedruk
navoor gem. 1/2 millibar/uur gewaal het, het dit
vanaand weer net so dramaties geval.

Ek verlang na Rina . . .

---

Sondag 8 Junie 1969.

Soos die afgelope twee Sondae het ek
vandag weer laat geslaap. Ek het toe eers my kamer
oorgepak, en na bietjie tande gekyk.

Na vandate het ek aan almal die
waarlyste gegee van die personeelvoorsing. Toe het hul, Pete,
Schalk en ek begin om snoeker te speel. Schalk en ek het
teen Peter Pete gespeel - tot omtrent 3 nm en op die ou
einde tog gewen.

Met die honde gaan dit goed. Die wind was heeldag redelik ± 20 knope, dog vanaand ossileer dit vreeslik. Een oomblik is dit 15- en dan skielik skiet dit op tot vanaf 50 knope. Die druk het na die styging weer begin om skielik baie erg te val. So wat die weer betref sal ons maar moet wag en kyk wat gebeur.

Ons het vanaand 'n lang redenasie oor genadedood gehad, maar geen finale gevolgtrekking juis dat kon gekom word nie.

Van nou af het ons nie meer 'n offisiële ontbyt nie, omdat ons tog nie buite kan werk nie.

Maandag 9 Junie 1969

Met die dat ons geen ontbyt het nie, het ek baie laat geslaap. Die weer was vandag weer baie beter, met 'n nie te erge wind nie - so 20 knope. Clive en Gordon het die honde gaan roer.

Vanaand het ek 'n lys opgestel vir 'n snoeker en veerpyltjie uitdunne om die kampioen vas te stel vir midwinter. Die finale botsings sal die middag van die 21e wees.

Ek het toe ook weer by almal bloed getrek en keel en neusmonsters geneem. Larry het gelukkig nie weer flou geword nie - dog hy was so bleek soos 'n laken.

My lang verwagte brief van Rina het toe gekom - en soos ek verwag het was my bekommernis dat iets verkeerd gegaan het heeltemal ongegrond.

LIEVFSTE ALPHIE
BAIE DANKIE VIR JOU BRIEF. EK KAN MY GOED JOU D
GEDULDMET HONDE VOORSTEL. OP DIE OOMBLIK IS DIT REGTE WINTER
--BAIE KOUD EN NAT. HET VERLEDE NAWEEK GETREK STOP WAT N AFFERE
HEERLIKE WOONSTEL --BAIE SONNIG STOP TEEN SONDAGAAND WAS EK
BEHOORLIK STOKFLOU WANT DIT WAS NET EK EN MY MA STOP ONS TELEFOON
NOMMER BY HUIS IS DIESELFDE 97-6327 IMI ~~97-26327~~ STTP WERK NIE
MEER SATERDAE SAL HEELDAG BY HUIS WEES STOP SIEN VREESLIK UIT
NA JOU OPROEP STOP ~~AMOU IMI~~ AMOU HET N ONGELUK GEHAD MET BMW
SKADE R300 STOP GEJAAG OM HOSPITAALDRAAIE STOP PROF
DEVILLIERS IS NUWE REKTOR UNIVERSITEIT STELLENBOSCH
AL MY LIEFDE EN VERLANGE, Rina.

iets verkeerd gegaan het hulle mat ongegrond.

LIEVFSTE ALPHIE

BAIE DANKIE VIR JOU BRIEF. EK KAN MY GOED JOU D

GEDULDMET HONDE VOORSTEL. OP DIE OOMBLIK IS DIT REGTE WINTER

--BAIE KOUD EN NAT. HET VERLEDE NAWEEK GETREK STOP WAT N AFFERE

HEERLIKE WOONSTEL --BAIE SONNIG STOP TEEN SONDAGAAND WAS EK

BEHOORLIK STOK7LOU WANT DIT WAS NET EK EN MY MA STOP ONS TELEFOON

NOMMER BY HUIS IS DIESELFDE 97-6327 IMI ~~97-26327~~ STTP WERK NIE

MEER SATERDAE SAL HEELDAG BY HUIS WEES STOP SIEN VREESLIK UIT

NA JOU OPROEP STOP ~~AMOU IMI~~ AMOU HET N ONGELUK GEHAD MET BMW

SKADE R300 STOP GEJAAG OM HOSPITAALDRAAIE STOP PROF

Skade

DEVILLIERS IS NUWE REKTOR UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

AL MY LIEFDE EN VERLANGE, Rena.

Dinsdag 10 Junie 1969

Direk na middagete het Clive, Gordon en ek uitgegaan en die hende gaan roer. Almal lyk baie mooi. Ons het sommer vir Vrystaat en Tassain ook uitgeneem. Nog altyd kon ons nie sien dat Dino swanger lyk, dog ek kan nog geen kleintjies voel nie. Vandag het ek tog kleintjies kan voel, en het ek haar ingebring. Hoeveel daar is weet ek nie, dog sy is baie groot dragtig.

Ek het vandag begin om weddenskappe oop te maak op die moontlike wenners vir die snoeker en veerpyltjie kampioenskappe. Vir s.g. is Schalk, Piet, Pete en ek die gunstelinge met Henry en Phil die buitestaners. Vir v.g. is Barry en ~~Henry~~ Pete die gunstelinge. Met snoeker het ek vir Barry, en Henry vir Gordon uitgeskakel, en met veerpyltjies het Pete naelskraap met Johan afgereken.

Die apparaat vir die donkeradaptasie toetse het ek vandag in werking gekry, en sal môre die ouens se oë begin toets.

Die werk aan die midwinterblad is ook nog volstoom aan die gang, en volgens Clive gaan dit 'n pragstuk wees.

Gister het ek 'n tydelike vulsel vir Phil in een van sy tande gesit, en vandag vir Piet. Sy s'n sal ek moet vervang.

Woensdag 11 Junie 1969.

Vandag sou Henry, Pieter en ek oorspronklik rakke in die seismiese hut gaan sit het. Terwyl ek laasnag besig was om Rina se ou briewe, na Mariental, oor te lees, het "Henry" egter met 'n skets vir die midwinterblad gekom het ons besluit om liewer die kombuis te verf. Ook maar goed want vandag was die wind fantasties erg. Soos Schalk gesê het in die veld" "Hy het van sy boetie gaan haal nat rook". Vanaf ontbyt soom het die

wind wat tot al 40 knope gewaai het al hoe
erger geword. Die ergste stoot was – ± 4 vm – 86 knope
en het dit in die hombuis 100 m.p.u. gelees. Die druk
het ontsettend gval, tot 900 mb. dog nou ingeklaar die tyd
van. Die woord het darem ook al beter geword.
Henry, Pete, Tuffie en ek het toe begin om die
hombuis te verf. Dit het beteken dat ons af die
sakke moes afgrawe, en [?] al die mure verf. Ons het
aanmekaar gewerk, met 'n kort middag- en aandete
tot na 12 middernag. Die dak en 2 mure het ons in
ligte groen geverf, en die ander 2 mure in 'n ampie off-white.
Ons is nog nie klaar nie, dog sal môre verder gaan.
Pete en ek eet tans alleen voor die stoof en drink
in ons dagtoetse. Met elk 'n Vodka natuurlik!!
Pete, Olivier en Jordan was vandag uit na die
honde, met 'n lang tou – ± 100 tree, as gids. Uiteraard
gaan dit natuurlik baie goed. Janno bv. was in 'n ± 15 dm
gat, en heeltemal bedek met sneeu. Dog dit is goeie
oefening. Dit is sulke dae soos vandag, waar die
wind tot 86 knope gewaai het, dat ek die honde
tot in my siel jammer kry en bewonder.
Schalk was vandag skeewie, en met die wind
het hy dit maar moeilik gehad. Bv. toe die wind 74
knope was, moes hy kruip tussen die shag en die sneeu-
smelter shag. Dit was onmoontlik om te loop.
Ek het vandag 'n brief van Lola gehad, waarin
hulle Sondag sal probeer om met ons kontak te maak.
Dries is met so opgewonde voorsit daaroor.

Donderdag 12 Junie 1969.
Die wind het vandag skielik gaan lê, dog
het gedraai sodat dit vanuit direk die teenoorgestelde
rigting gekom het as vanuit die weste. Ons moes uitgaan
om 'n nuwe alternator te kry, die een in die Deutz
het uitgebrand - omdat dit te swaar gelaai was.

Terwyl ons buite was, het ons sommer al ons drank, en sigarette ingebring, en ook 'n klomp robbe gekry wat vir die hende opgesaag moet word.

In die basis het ek toe al die drank uitgepak - gesorteer, en in die gang verpak. Ons het ontsettend min drank oor vir die res van die jaar. Daar is 3 biere per week per man, 25 bts Vodka, 13 V.d. Hum, 18 Gemmer lekeur, 7 Hanepoot, 12 witwyn en 18 rooiwyn. Brandewyn - 36 bts. Van nou af sal al die drank streng gerantsoeneer word. Dit is van plan om vir ons van die brandewyn lekeurs te maak - advokaatens. ~~Ons het ook sommer vir Dino ingebring, want sy~~

Verder het ons toe maar ~~verder~~ aangegaan om in die kombuis te verf.

Vrydag 13 Junie 1969.

Ek was vandag skrywer, en het maar swaar gekry. Die wind het weer baie erger gewaai - en was tot 60 knope.

Clive, Gordon en ek het na die hende gaan kyk, en 'n paar van hul sal ons seker later moet inbring, want die ys begin al dik om hul aanpak.

Piet, Pete, Henry, Barry, Chilton en ek het toe voortgegaan om die kombuis te verf, na ons al die boeke in die sak teruggesit het.

Die verwery het eers na 5 om geëindig, met my en Pete saam in die bad, terwyl Piet by ons saam nog 'n "night cap" gemaak het.